

## Redaksioneel

In die onderhawige Nommer van die *Hervormde Teologiese Studies* is veral werke van prakties-teologiese en kerkhistoriese aard opgeneem. Die artikel van J F van der Merwe (& M J du P Beukes) is 'n verwerking van Van der Merwe se BD-skripsie. Volgens 'n regulasie van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria moet BD-skripsies sowel as MDiv-skripsies in artikelformaat ingedien word. Die MDiv-skripsie moet voor die indiening met die oog op eksaminering eers deur die redaksie van 'n geakkrediteerde vaktydskrif vir publikasie aanvaar word. Dieselfde geld wat die DD-proefskrif betref: In hierdie geval spruit die artikel voort uit die navorsingsresultate wat in die proefskrif neerslag gevind het, terwyl in die geval van BD- en MDiv-skripsies die artikel die verwerking van die skripsie as sodanig behels. BD-skripsies loop wel 'n effens ander pad. Dit word nie vóór eksaminering vir publikasie voorgelê nie. Alleen dié wat met onderskeiding bekroon word, kan op die normale wyse soos enige ander navorsingsartikel vir publikasie voorgelê word. Promotors van DD-proefskrifte en leiers van BD- en MDiv-skripsies tree in die geval van die publikasie van die betrokke artikel wat uit die verkryging van die graad voortgespruit het, op as mede-outeur.

In hulle bydrae het Van der Merwe en Beukes ingegaan op die bevinding dat die erediens deur jongmense as sonder dinamiek en warmte ervaar word. Voorstelle tot die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges word deur hulle gemaak. T F J Dreyer skryf 'n resensie-artikel oor die werk van Heyns & Pieterse, praktiese teoloë verbonde aan die Universiteit van Suid-Afrika. Dit is 'n artikel wat fokus op wetenskapsteoretiese uitgangspunte vir die Praktiese Teologie. Dreyer lewer 'n pleidooi vir die handhawing van die verdiskontering van die Bybel as kennisbron van die hedendaagse empiries-georiënteerde Praktiese Teologie. M J du P Beukes betoog dat die plek wat die tradisionele tweede erediens saans in die Nederduitsch Hervormde Kerk inneem, in bepaalde gemeentes gevul kan word deur ander kerklike aktiwiteite. E van Eck beredeneer die hipotese dat die oorsprong van die 'amp' van die ouderling in die Nuwe Testament geleë is in die status, funksie en rolverwagtings wat met die posisie van die familiehoof verband hou. Dit is 'n eksegetiese studie wat vanuit die perspektief van die sosiaal-wetenskaplike eksegetiese metode uitgevoer is. A G van Aarde gaan in op die posisie van die weggegooide kind in die Bybelse tyd, Middeleeue en daarna. Markus 10:13-16 as die genoemde *Kinderevangelium* word as voorbeeld geneem. Hy betoog dat die *Sitz im Leben* van hierdie gedeelte betrekking het op 'n wonderbaarlike genesing van gestremde kinders. Hy meen ook dat die kind steeds vandag 'n randfiguur in die kerk is en dat dit reggestel behoort te word. Suggesties word gemaak oor hoe die tipiese van kind-

wees liturgies en konkreet in die kerklike lewe benut kan word sodat die kind inderdaad simbool sal wees van wat dit is om te glo. S Schoeman abstraheer uit Calvyn se werke sy oortuigings rakende die opvoeding. Sy toon onder andere aan dat die posisie van 'dokter' (naas dié van predikant, ouderling en diaken) ook op die onderwyser betrekking het. I W C van Wyk beredeneer in sy bydrae die oortuiging dat protesoptogte in 'n demokratiese samelewing nuttig kan wees. Tog bly dit 'n turks-vy. Protesoptogte kan ook die teenoorgestelde uitwerking hê en demokratiese waardes omverwerp. Die kerk het volgens hom 'n taak om mense tot verantwoorde-like optrede in hierdie verband te lei. H C G Robbertze betoog in sy artikel dat moderne kontekstuele teologieë wat die konserwatiewe Afrikaner se beklemtoning van die onderskeid van volke as 'n voorbeeld van *foundationalism* en onverdraagsaamheid afwys, self daaraan skuldig kan wees. Hy voer veral gesprek met sekere bydraes in die 1988-RGN Navorsingsmetodologie-publikasie *Paradigms and progress in theology*.

Vier artikels spruit voort uit die 1990-kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk oor die verhouding kerk-volk. D J C van Wyk wys op die onnodigheid dat die begrip 'volk' in die ekumeniese teologie negatief beoordeel word. A D Pont verlewendig die Calvinistiese teokratiese ideaal dat die 'volk' die keersy van die 'kerk' behoort te wees, soos dit ook in Suid-Afrika in die periode 1835-1900 was. H J Botes wys op die barmhartighedsrol wat die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Afrikaner se onrustige volkslewe na 1900 vervul het. J P Labuschagne poog om 'n kommunikasie te bewerkstellig tussen Christene wat die waarde van die begrip 'volk' vir kerk en teologie hoogskat en die moderne samelewingsteologieë wat die waarde daarvan as 't ware ontken. Labuschagne beskou sekere eksponente van die Swart Teologie as deel van eersgenoemde.

Al die betrokke artikels werp lig op aktualiteite in die teenswoordige kerklike en sosiale situasie in Suid-Afrika. Dit geld ook wat die enkele bydraes betref wat vanuit die perspektief van die Bybelwetenskap geskryf is.